Towerlantern Fotografie

# fotografienuus

januarie 2023



*Lig-kleurpalet* – Lensopening, sluiterspoed, fokale lengte: verskeie waardes vir individuele foto's

Van Towerlantern Fotografie se kant af wil ons jou en jou naby-mense 'n voorspœdige nuwe jaar tœwens. Mag jy 'n wonderlike jaar beleef – in die besonder ook wat fotografie betref.

Die Desember-uitgawe van Fotografienuus se oorkœpelende tema was lig, baie wyd gesien. In hierdie Januarie-uitgawe wil ons die tema voortsit, maar in kombinasie met verskillende komposisie-temas, waaronder kleur (soos die voorbladfoto) en lyne.

Fotografienuus het deur die jare 'n bepaalde styl ontwikkel, waaronder riglyne en wenke aan lesers en ook staande rubrieke. Ons wil hierdie patroon behou aangesien dit vastigheid en kontinuïteit skep.

Ons wil steeds 'n blaadjie vir fotograwe en belangstellendes in fotografie wees – laat weet dus gerus van enige onderwerp of saak waaroor jy meer wil weet of waaroor jy meer wil lees. Geniet dit.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk
**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, dœn gerus navraag.*

# voorbladfoto



Die voorbladfoto is 'n saamgestelde foto met kleur en lig in kombinasie. Al die foto's het wolke as foto-onderwerp maar nie as tema nie – gedeeltes van die wolke sou dus selfs uit fokus kon wees. Ook is daar nêrens tekens van 'n horison, bome of ander strukture nie – selfs nie die maan nie (soos die foto hierby). Al sulke ekstra elemente sou die tema en komposisie van die geheel versteur.

Al 12 hierdie foto's – en nog baie meer – is met 'n 70-300mm-lens afgeneem (soms mœs daar ingezœm word om takke te vermy). Die fokale lengtes van die foto's verskil dus onderling. Die lensopening en sluiterspœd is gestel volgens die bepaalde lig-omstandigheid. Tipies is daar 'n paar foto's van elke toneel geneem om gœie keuses te kon maak.

Soms is die foto's effens "vaal" en mœs geringe lig- en kontras-veranderings aangebring word. Die foto's is só geneem dat almal dieselfde formaat het en dat daar nie nog snywerk gedœn mœs word nie – 'n taak wat onbevredigende resultate sou gee.

# Staande rubrieke

*Met die oog op nuwe lesers – en oues – gee ons graag samevattend 'n oorsig oor ons staande rubrieke. Dit maak dit ook makliker om ook weer terug te sœk na een of ander onderwerp:*

## TEMA, WENKE EN RIGLYNE

Die ruggraat van elke uitgawe van Fotografienuus is 'n bepaalde tema, byvoorbeeld sterfotografie, met riglyne om veral 'n beginner-fotograaf op 'n pad te help.

## OP INTERNET GESIEN

Op Towerlantern se Facebookblad word gereeld foto-wenke of studente-foto's geplaas. Vrydæ deel ons spesifiek interessanthede wat op internet raak-geloop is. Van hierdie aanbiedings en ander onderwerpe word maandeliks in Fotografienuus geplaas.

## KOMENDE KURSUSSE

Aangesien Towerlantern voortdurend besig is met die beplanning of aanbied van een of meer kursusse, is dit vir ons belangrik om ons lesers op hoogte daarvan te hou. Hou hierdie rubriek dus gereeld dop.

## GAAN OP REIS MET TOWERLANTERN

Daar is min dinge so plesierig as om naby en ver plekke te besœk. En as jy jou kamera byderhand het, soveel te meer. Al kan jy nie fisies so iets onderneem nie, probeer dan virtueel, maar beslis visueel, saam met ons te reis.

## BESONDERE FOTO('S) VAN DIE MAAND

Towerlantern se standpunt is deurgaans dat ons nie kompetisies reël nie. Selfs ons jaarlikse uitstallings is nie meeding-gegrond nie maar gee juis aan elkeen die geleentheid om sy/haar foto's uit te stal. Ons begin vanjaar met hierdie nuwe rubriek met die bedœling om aan elkeen die geleentheid te gee om, sonder kompetisie, 'n gœie foto te skep en aan ons te stuur.

## FOTO-IDEES

Soms wonder fotograwe waarmee hulle hulself foto-grafies besig kan hou. Ons voorsien in hierdie rubriek foto-idees – moontlik is daar net iemand wat 'n wenfoto vir die kœrant neem na aanleiding van 'n idee wat ons gegee het.

# TEMA: FOTOPALET

Die beplanning van 'n fotopalet soos dié op die voorblad, is relatief eenvoudig. Die uitvœr daarvan is egter 'n ander saak. Soms help inspirasie – in hierdie geval het die idee gekom van die "Sky Series" van Eric Cahan, met sy reeks veelkleurige foto's van die lug met sonsopkomste of sonsondergange. Adres: https://5i86.short.gy/4hAdGe

Daar bestaan verskillende fotoprogramme waarmee so 'n palet saamgestel kan word. Vir die voorbladfoto is die volgende paadjie gevolg: (a) PowerPoint, met 'n geskikte skyfierooster vir presiese oplyning is gebruik vir die ontwerp van die skyfie. (b) Die finale skyfie is gestoor in JPEG-formaat vir verdere gebruik.

Wat die foto's self betref, nœm ons die volgende sake:

- Besluit vooraf op 'n **tema** (byvoorbeeld kleur met klem op lig).
- Hou in gedagte dat die mikpunt 'n **kleurpalet** is (daar mœt dus nie herkenbare items op die foto's wees nie).
- Hou die **formaat** van die PowerPoint-skyfie in gedagte (met die oog op die formaat van die foto's).
- Begin om **gereeld** foto's te neem (en wel só dat die foto's min naverwerking nodig het).
- Kies 'n geskikte en veilige **terrein**. (Die voorbladfoto se indiwiduele foto's is oor 'n tydperk van ongeveer twee weke vanaf my tuin in Potchefstroom, en die gasteplaas *The Meadows at Millstream* naby Skeerpoort geneem.)
- Wees **stiptelik** met jou onderneming – dis dalk die heel mœilikste saak! (Ons het byna elke dag gedurende hierdie tydperk die laatmiddag en vrœg-aand lugruim dopgehou vir mooi lig en kleur.)

Sterkte met jou onderneming. Ons gee hierna enkele fotowenke en daarna riglyne vir kamera-instellings.

# Wenke
## vir fotopaletfoto's

*Vaardigheid kom slegs deur praktiese œfening – maar wenke help wel ook. Ons deel fotogewys 'n paar wenke (waarvan sommige reeds genœm is) vir die neem van paletfoto's.*

Omdat wolkfoto's nie noodwendig 'n bo- of onderkant het nie, eksperimenteer met die posisionering:







Mœt vir eenvormigheid nie aan foto's sny nie – sorg dat die foto reg geneem word, en nie soos die meegaande foto wat iets op die rand het nie.



Verhelder 'n foto bietjie as dit aanvanklik effens "vaal" vertoon:











Neem vir gœie keuses minstens drie foto's per item.

# RIGLYNE VIR 'N FOTOPALET

**KAMERA-INSTELLING:** Aangesien 'n verskeidenheid foto's vir 'n fotopalet geneem mœt word, kan slegs algemene aanwysings gegee word. Die tœpassing is spesifiek wolkfoto's. 'n Driepoot is onontbeerlik. As jou kamera 'n stelling AEB (outomatiese beligting-samekoppeling; Engels: *automatic exposure bracketing*) het, gebruik dit – anders, neem tot drie foto's van een toneel vir 'n beste keuse.

### TIPE LENS

Gebruik enige lens,
van wyd tot smal, soos benodig.

### FORMAAT

Besluit self op landskap- of portretformaat.

### ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, byvoorbeeld 100.

### WITBALANS

Kies "sonnig" of "bewolk" vir die toneel.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Dit help om 'n trefpunt vir fokussering te hê. Omdat wolke nie werklik 'n fisiese voorwerp is nie, fokus vooraf op 'n ver fisiese voorwerp.

### LENSOPENING

Kies die grootste lensopening, byvoorbeeld f4.

### SLUITERSPOED

Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" stelling; varieer dit soos nodig.

### FYN FOKUSSERING

Neem foto's en kontroleer die fotoskerpte; pas aan.

*Towerlantern Fotografie*
- januarie 2023 -

NUUS *vanaf Towerlantern*

## Komende kursusse

Towerlantern Fotografie beplan om DV in 2023 die volgende kursusse aan te bied, plaaslik sowel as aanlyn. Waar van tœpassing word die plaaslike en aanlynklasse gesamentlik aangebied.

- Eerstevlakkursus, selfoonkamera: Leer die basiese werking van jou selfoonkamera met komposisie-aspekte in gedagte.
- Eerstevlakkursus, gewone kamera: Leer meer oor komposisie, lig en kleur; gaan verder en leer die basiese instellings soos lensopening, sluiterspœd en ISO; leer hœ om met die hand te fokus.
- Gevorderdevlak-kursus, gewone kamera: Gaan verder met komposisie, basiese instellings en vlak velddiepte. Bestudeer spesifieke genres, waaronder mensfotografie, nabyfotografie en reisfotografie.
- Spesialisvlak-kursus, gewone kamera: Bestudeer in diepte tœgepaste onderwerpe, waaronder nabyfotografie, impressionistiese landskap- en mensfotografie; en ook abstrakte fotografie.

Hou jou e-posse dop vir inligting in verband met hierdie kursusse. Dœn gerus ook navraag oor hierdie kursusse (tariewe en datums) by johan@towerlantern.co.za .

## BESONDERE FOTO VAN DIE MAAND

Fotografienuus is op sœk na jou mees besondere Januarie-foto met die tema "Fotopalet". Die besonderhede is soos volg:

- Die foto mœt op die patroon / idee van die voorbladfoto wees.
- Die aparte foto's mœt gedurende Januarie 2023 geneem wees.
- Die aparte foto's kan enige item wees, maar kleur mœt die tema wees.
- Die keerdatum is 24 Januarie 2023.
- Die saak is nie 'n kompetisie nie. Die keurpaneel sal besluit oor die verdere hantering van die ingestuurde werke. Erkenning sal aan almal gegee word in die Februarie-uitgawe.

# Fotovriende

Dit blyk dat baie van die studente van Towerlantern Fotografie na afloop van 'n kursus nog steeds voel hulle wil aanhou foto's neem. Natuurlik sal sommige dit indiwidueel wil doen, maar ander verkies die samesyn en die ligte druk van 'n groep. Daarom het ons reeds in 2021 begin om hulp aan te bied in die vorm van wat ons 'n fotovriende-groep noem. Hierdie groep is oop vir enige persoon met in agneming van die kamera-vereiste hieronder.
Die werkwyse van hierdie vriendekring is dat daar maandeliks 'n foto-opdrag gegee word wat gedoen en ingestuur moet word. Dit word dan bestudeer en terugvoer word verskaf.
Hiermee word jy uitgenooi om by hierdie vriendekring aan te sluit. Die volledige inligting is soos volg:



*Onlangse tekstuur-opdragfoto*

**Algemeen:** Die vriendekring is informeel. Jy kan aansluit vir 'n korter of langer tyd – daar is geen voorskrif nie; ook geen fynskrif nie. Die idee is dat jy maandeliks foto-opdragte kry om uit te voer.
**Vereistes:** 'n SLR-kamera met verstelbare instellings is noodsaaklik. So ook 'n driepoot.
**Aanvangsdatum:** Die begindatum is DV 1 Maart 2023. Jy kan egter op enige latere tydstip bykom. Daar is geen vaste tema nie – elke maand is op sy eie.
**Werkwyse:** 'n Opdrag word aan die begin van 'n kalendermaand gestuur. Die opdragfoto's, in die vorm van 'n PowerPoint-aanbieding met ongeveer 5 foto's, moet teen die einde van die maand ingestuur wees. Evaluering word binne die daaropvolgende 10 dae gedoen en aan almal gestuur. So leer almal by almal.
**Fooi:** Daar is drie registrasie-moontlikhede:

- Maandeliks: R50 per maand
- Kwartaalliks: R135 per kwartaal
- Jaarliks: R480 per jaar

**Kontakpersoon en -adres:** Johan de Klerk 082-884-7061; johan@towerlantern.co.za

# OP INTERNET GESIEN



Teen die einde van elke jaar kondig Pantone hul kleur van die jaar vir die volgende jaar aan. Jy kan verwag om hierdie kleur in enige ontwerp te sien – van interieur tot mode. Miskien selfs fotografie...

Pantone beskryf die 2023 kleur, viva magenta, as 'n "crimson red tone that represents a balance between warm and cool".

Lees meer hieroor by https://5i86.short.gy/FP2zXO



Kan jy glo dat hierdie foto eintlik van 'n speelgoedkarretjie is? Kunal Kelkar het 'n trapmeul asook 'n spuitbotteltjie vir kammareën gebruik om verder die regte effek te skep.

Dit wys jou net wat jy kan doen as jy kreatief is! Lees gerus meer hieroor by https://5i86.short.gy/zGntSp

Viva Magenta

Lees meer oor die instansie Pantone by https://en.wikipedia.org/wiki/Pantone



GAAN OP REIS
*saam met Towerlantern*

Bron: https://www.volcanodiscovery.com/stromboli.html

# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

Dalk het jy in jou onlangse – of vroeëre – verlede Jules Verne se *Voyage au centre de la Terre ('n Reis na die middel van die aarde; A journey to the centre of the earth)* gelees. Dié verhaal het in 1864 in Frans verskyn en is op die vlak van hoogstaande wetenskapsfiksie van die 1860s.

Die verhaal is kortliks die volgende: Professor Otto Lidenbrock en sy neef Axel ontsyfer 'n nota uit die sewentiende eeu van ene Arne Saknussemm. In dié nota beskryf Saknussemm 'n reis wat hy na die middel van die aarde onderneem het. In Engels vertaal, lui die nota:
*"Go down into the crater of Snæfells Jökull, which Scartaris's shadow caresses just before the calends of July, O daring traveler, and you'll make it to the center of the earth. I've done so. Arne Saknussemm."*

Spoedig na die lees van hierdie nota is Lidenbrock en Axel en 'n Deense gids, Hans Bjelke, op pad na Ysland, en spesifiek na die vulkaan Snæfells Jökull. Daar aangekom, gaan hulle die "ingewande" van die aarde binne. Die drie beleef tydens 'n lang onderaardse reis die wonderlikste gebeure – van lewende dinosouriërs, riviere tot uiteindelik 'n wilde see. Na 'n lange jaagtogvaart oor hierdie see beland hulle in 'n vulkaan-skoorsteen wat hulle in die oop lug uitspu.

Nadat die drie hul bewussyn herwin het, vind hulle uit dat hulle hul op die Italiaanse eiland Stromboli bevind.

xxx

Maak jou volgende fotoreis na die vulkane van die wêreld – daar is voortdurend aktiewe vulkane (vuurspuwende berge), waarvan daar heelwat besoek kan word.

Italië het byvoorbeeld drie aktiewe vulkane, naamlik Vesuvius naby Napels en Berg Etna en Stromboli op die eiland Sicilië. Doen beslis die moeite om Stromboli, ja Jules Verne se Stromboli, te besoek. Dié vulkaan is tans besonder aktief en hoog op die lys van vulkane wat besoek moet word. Om af te sluit, twee reiswenke: (a) Neem beslis jou kamera-benodigdhede saam. (b) Vlieg direk met die kortste vlug na Stromboli – vermy eerder die langer roete via Ysland, en dan ondergronds na Italië toe!

## BRONNE:

- Jules Verne: https://en.m.wikipedia.org/wiki/Journey_to_the_Center_of_the_Earth
- Aktiewe vulkane om te besoek: https://thepointsguy.com/news/active-volcanoes-to-see-in-your-lifetime/
- Video: Stromboli Volcano Erupts in Italy – https://youtu.be/hxkdntiV41Y

# RIGLYNE VIR FOTO-ONDERWERPE

Ons vaste rubriek "Riglyne vir ..." kom reeds sedert 'n hele paar jaar gelede. Omdat ons meen dat dit vir ons lesers van waarde kan wees om daarvan gebruik te maak, gee ons 'n volledige lys met dié inligting (sien volgende bladsy). Die afkortings wat gebruik word is die volgende:

- FN: Fotografienuus met jaar en maand van uitgawe; beskikbaar op Towerlantern se webblad by www.towerlantern.co.za/nuusbriewe.html
- AL1,2,3: Aanlynkursusse 1, 2 en 3, op aanvraag beskikbaar by johan@towerlantern.co.za




# waardering van ons *lesers*

*Na aanleiding van ons Desember-uitgawe van Fotografienuus, met sy fotogalery, het ons die volgende waardering van lesers gekry:*

Jy kan goed voel oor die uitgawe. Dit bevat, soos gewoonlik, 'n klomp nuttige inligting en die uitstalling van die foto's, wat as 'n getuigskrif dien vir die resultate wat jou kursusse oplewer, was baie mooi. Dankie ook dat jy my genooi het om deel te neem.
– Josef Steyn, Stilbaai

Wat 'n belewenis was hierdie uitgawe! So dankie daarvoor. En dan kom sê ons daarmee saam baie geluk! Wat vir my uitstaande is, behalwe vir die wonderlike foto's, is hoe jy en Johann die eer aan die Here gee, en nie 'n geleentheid laat verby gaan om die Here se "grondgebied" te vergroot nie. (Jabes se gebed).
– Tersia Andrews, Centurion

Wonderlike werk! Baie dankie; as oudleerling lees en kyk ek nog gereeld Fotografienuus.
– Theresa Pretorius, Pretoria

Baie dankie vir 'n pragtige uitgawe met die mooiste foto's. Baie dankie vir die jaar wat verby is en die kursus wat ons kon bywoon. Hoop om in 2023 weer 'n bietjie meer tyd te hê om foto's te neem.
– Retha Geldenhuys, Ventersdorp

Ek het baie lekker gelees en pragtige foto's gekyk. Dis baie besig by my werk en ek het nou só lekker ontspan met jou lekker skryfvermoë en die mooi foto's. Baie dankie! Geluk ook met die 15 jaar van Towerlantern – hoop daar is nog baie jare voor.
– Sanette Struwig, Strand

# RIGLYNE VIR FOTO-ONDERWERPE

*uit Fotografienuus (FN) en Aanlynkursusse 1, 2 en 3 (AL1,2,3)*

| Tema | Verwysing |
|---|---|
| Abstrakte fotografie | FN 2020_02 |
| Abstraktekleur-fotografie | FN 2020_03 |
| Abstraktelandskap-fotografie | FN 2022_11 |
| Argitektuurfotografie | FN 2019_03 |
| Argitektuurfotografie | AL2 7_02 |
| Betowering | FN 2020_11 |
| Blomfotografie | FN 2018_09 |
| Danklied-fotografie | AL2 8_04 |
| Dierfotografie A | AL2 6_04 |
| Dierfotografie B | FN 2019_12 |
| Enkelbeligting-fotografie | FN 2022_01 |
| Formele mensfotografie | AL2 6_01 |
| Fotografering van lig A | FN 2018_12 |
| Fotografering van lig B | FN 2022_12 |
| Fotoreekse | FN 2020_09 |
| Geverfde skilderwerke | AL2 8_02 |
| Gevoel in foto's | FN 2019_07 |
| Impressionistiese fotografie (algemeen) | FN 2019_09 |
| Impressionistiese fotografie (mens) | AL3 8_01 |
| Impressionistiese fotografie (natuur) | AL3 7_01 |
| Impressionistiese fotografie (natuur) | FN 2022_08 |

| Tema | Verwysing |
|---|---|
| Impressionistiese skilderwerke | AL2 8_03 |
| Impressionistiese mensfotografie | FN 2020_10 |
| Informele mensfotografie | AL2 6_02 |
| Herfsfotografie | FN 2018_06 |
| Hoë dinamiese reikwydte fotografie | FN 2018_08 |
| Kleur- en abstraktekleur-fotografie | FN 2021_06 |
| Komposisie in stillewes-fotografie | AL2 5_01 |
| Komposisie: lyne | FN 2022_04 |
| Kosfotografie A | FN 2020_05 |
| Kosfotografie B | AL2 5_02 |
| Kreatiewe foto's | FN 2020_06 |
| Kultuurfotografie | AL2 7_03 |
| Kultuurfotografie | FN 2022_03 |
| Landskapfotografie A | AL2 8_01 |
| Landskapfotografie B | FN 2019_02 |
| Ligbrekingfotografie | FN 2020_07 |
| Ligfotografie | FN 2019_11 |
| Luim in foto's | FN 2019_04 |
| Maanfotografie | FN 2020_04 |
| Maanverligte landskappe | FN 2018_02 |
| Mensfotografie (voorafbeplanning) | AL3 5_01 |

Towerlantern Fotografie
- januarie 2023 -

# RIGLYNE VIR FOTO-ONDERWERPE

*uit Fotografienuus (FN) en Aanlynkursusse 1, 2 en 3 (AL1,2,3)*

| Tema | Verwysing |
|---|---|
| Mensfotografie A | AL3 6_01 |
| Mensfotografie B | FN 2020_08 |
| Minimalistiese fotografie | FN 2021_09 |
| Nabyfotografie A | FN 2019_06 |
| Nabyfotografie B | AL3 3_01 |
| Nabyfotografie C | AL3 4_01 |
| Naglandskapfotografie | FN 2022_06 |
| Natuurfotografie (dieper betekenis) | AL3 2_01 |
| Naweektoer | AL2 7_04 |
| Onwerklike foto's | FN 2019_10 |
| PowerPoint-portefeulje | AL3 6_02 |
| Reisfotografie A | AL2 7_01 |
| Reisfotografie B | FN 2021_05 |
| Sien die lig | FN 2022_02 |
| Skemerfoto's | FN 2019_05 |
| Speel met lig A | FN 2018_11 |
| Speel met lig B | FN 2021_07 |
| Speel met kleur | FN 2021_10 |
| Sportfotografie | AL2 6_03 |
| Sportsfotografie | FN 2021_03 |

| Tema | Verwysing |
|---|---|
| Sonsondergange en -opkomstes | FN 2018_03 |
| Stadsligfotografie | FN 2020_12 |
| Sterfotografie | FN 2021_01 |
| Sterstreepfotografie | FN 2021_01 |
| Stillewefotografie met betowering A | FN 2018_01 |
| Stillewefotografie met betowering B | AL2 5_04 |
| Stillewefotografie, tweedimensioneel | FN 2021_02 |
| Tekstuurfotografie | FN 2022_10 |
| Toegepaste nabyfotografie | AL2 5_03 |
| Toweragtige agtergronde in foto's | FN 2018_07 |
| Tweevlakkige foto's | FN 2022_05 |
| Tydsverloopfotografie | FN 2021_11 |
| Veranderde werklikheid | FN 2019_01 |
| Vlak velddiepte | FN 2018_04 |
| Voorbereiding vir Photomatix | FN 2019_08 |
| Waterfotografie | FN 2022_07 |
| Weerkaatsingsfoto's | FN 2018_05 |
| Windfotografie | FN 2022_09 |
| Wolkskapfotografie | FN 2021_04 |
| Zoemsarsies | FN 2018_10 |

Towerlantern Fotografie
- januarie 2023 -




# FOTO-*idees*

Idee 1: Maak lig die onderwerp van foto's van meubel-onderdele in jou huis.

**FOTO-** *idees*

Idee 2: Neem tuis semi-abstrakte foto's met lig die onderwerp.



# FOTO-idees

Idee 3: Seil op jou maag deur jou huis en neem meubelpote af, met natuurlike lig die tema.




FOTO-*idees*

Idee 4: Kombineer lig en lyne in foto's wat jy binne jou huis afneem.





# FOTO- *idees*

Idee 5: Dans in die reën met jou kamera as dit reën en die son skyn. Onthou om foto's te neem!